# Note to Tables

Attention is once again drawn to the fact that revisions to some of the figures appearing in the Quarterly Bulletin are effected once a year in the June issue. All the seasonally adjusted series have been revised not only to take into account changing seasonal patterns but also as a result of revisions of the basic data. National accounts and balance of payments figures for 1969 are not revised in this issue as usual, but will be revised in a later issue.

verenigings egter besluit om die uitreiking van hierdie aandele tydelik te staak met ingang 13 Mei.

Verband- en ander lenings uitstaande het met R76 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1970 toegeneem, vergeleke met R71 miljoen gedurende die vierde kwartaal van 1969. Die gemiddelde maandelikse bedrag van nuwe voorskotte toegestaan gedurende die eerste kwartaal was egter ongeveer R6 miljoen minder as die gemiddelde van R66 miljoen gedurende die laaste kwartaal van 1969.

Nieteenstaande die aansienlike bedrag aan nuwe lenings toegestaan deur die bouverigings gedurende die eerste kwartaal, was die toename in hul middele voldoende om ook 'n verdere toename van R20 miljoen in hul besit aan likwiede bates en ander voorgeskrewe beleggings moontlik te maak. Hul oorskotbesit aan voorgeskrewe beleggings bo die wetlike minimum het aan die einde van Maart 1970 R172 miljoen bedra. Ondanks hul relatief likwiede posisie, het die bouverenigings teen die einde van Maart 1970 nog nie in 'n merkbare mate in eiendomsontwikkelingsmaatskappye, soos gemagtig deur 'n wysiging van die Bouverenigingswet gedurende 1969, belê nie.

# Opmerking oor Tabelle

Die aandag word weer eens gevestig op die feit dat sommige van die syfers wat in die Kwartaalblad verskyn, een keer per jaar in die Junie-uitgawe hersien word. Alle reekse waarvan die seisoensinvloed uitgeskakel is, is hersien, nie alleen om veranderde seisoenspatrone in ag te neem nie maar ook as gevolg van hersiening van die basiese gegewens. Nasionale rekeninge- en betalingsbalanssyfers ten opsigte van 1969 is nie soos gebruiklik in hierdie uitgawe hersien nie maar sal in 'n later uitgawe hersien word.